# Basisvorme



## Graad 4: Afrikaans




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Woordvorming

- ‘n **Basisvorm** of **stam** is die kortste deel van ‘n woord wat sin maak. Die basisvorm van ‘n woord kan op sy eie staan en het ‘n selfstandige betekenis, bv. **wolk**.

- ‘n **Voorvoegsel** is die gedeelte van ‘n woord wat **voor** aan die basis gevoeg word. Dié deel kan nie op sy eie staan nie en het geen betekenis nie, bv. **be-** van **bewolk**.

- ‘n **Agtervoegsel** is die gedeelte van ‘n woord wat **agter** aan die basis gevoeg word. Dié deel kan nie op sy eie staan nie en het geen betekenis nie, bv. **–e** van **wolke**.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Woordvorming

LAERSKOOL MIKRO




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Woordvorming

## gedierte




+




+






**voorvoegsel**



**basisvorm**

**agtervoegsel**



# Woordvorming

## beseer



**be**

**+**



**seer**

**+**

**Daar is geen agtervoegsel nie**



**voorvoegsel**



**basisvorm**

**agtervoegsel**




Laersk

# Woordvorming

## kleurvol

**Daar is geen voorvoegsel nie**



+



**kleur**

+



**vol**

**voorvoegsel** | **basisvorm** | **agtervoegsel**

# Woordvorming

Die voorvoegsel of agtervoegsel kan dikwels die basiswoord se **betekenis verander**.

**gebrand**



**voorvoegsel**

**ge-** **brand**



**basisvorm**

Die voorvoegsel **ge-** verander die basisvorm **brand** na die **verlede tyd**, naamlik **gebrand**.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Woordvorming

Die voorvoegsel of agtervoegsel kan dikwels die basiswoord se **betekenis verander**.

**ongelukkig**



**voorvoegsel**

**on-** **geluk** **-kig**



**basisvorm**

**agtervoegsel**



Die voorvoegsel **on-** verander die basisvorm **geluk(kig)** na die **teenoorgestelde (antoniem)**, naamlik **ongelukkig**.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Woordvorming

Die voorvoegsel of agtervoegsel kan dikwels die basiswoord se **betekenis verander**.

**broers**



**basisvorm** **broer** **-s**



**agtervoegsel**

Die agtervoegsel **-s** verander die basisvorm **broer** na die **meervoud**, naamlik **broers**.

---

**broertjie**



**basisvorm** **broer** **-tjie**



**agtervoegsel**

Die agtervoegsel **-tjie** verander die basisvorm **broer** na die **verkleinwoord**, naamlik **broertjie**.





Laerskool Mikro Kopiereg ©